



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

FINANSIËLE VERSLAGDOENING IN

HIPERINFLASIONÊRE EKONOMIEË

(AERP 10)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) kom primêr uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Financial Reporting in Hyperinflationary Economies* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Financial Reporting in Hyperinflationary Economies* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2010 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë

	Paragrawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 - .05
Woordomsrywings	.06
Die hersamestelling van finansiële state	.07 - .35
Staat van finansiële stand	.13 - .26
Staat van finansiële prestasie	.27
Wins of verlies op netto monetêre stand	.28 - .29
Kontantvloeiastaat	.30
Ooreenstemmende syfers	.31 - .32
Gekonsolideerde finansiële state	.33 - .34
Keuring en die gebruik van die algemene prysindeks	.35
Ekonomieë wat ophou om hiperinflasionêr te wees	.36
Openbaarmakings	.37 - .38
Datum van inwerkingtrede	39 - .40
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.39
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.40
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë</i> (2007)	.41
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Financial Reporting in Hyperinflationary Economies</i> (Julie 2001)	

FINANSIËLE VERSLAGDOENING IN HIPERINFLASIONÊRE EKONOMIEË

Hierdie Standaard is oorspronklik in Julie 2007 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Februarie 2010 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 21 *Waardedaling van Niekontant-genererende Bates*
 - AERP 24 *Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State*
 - AERP 26 *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Maart 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Bygewerkte Engelse eksemplaar van die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 10 aangebring is, asook die wysigings aan AERP 105, 106 en 107 wat daaruit spruit, is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);

- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur om AERP te wees vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .41 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van

uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om die rekeningkundige behandeling in die gekonsolideerde en individuele finansiële state van 'n entiteit waarvan die funksionele geldeenheid die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie is, voor te skryf. Die Standaard spesifiseer ook die rekeningkundige behandeling waar die ekonomie ophou om hiperinflasionêr te wees.

Omvang

- .02 ***'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas op die finansiële state, met inbegrip van die gekonsolideerde finansiële state, van enige entiteit waarvan die funksionele geldeenheid die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie is.***
- .03 In 'n hiperinflasionêre ekonomie is verslagdoening oor finansiële prestasie en finansiële stand in die plaaslike geldeenheid sonder hersamestelling nie nuttig nie. Geld verloor teen so 'n tempo sy koopkrag dat 'n vergelyking van transaksiebedrae en ander gebeure wat op verskillende tye plaasgevind het, selfs binne dieselfde verslagdoeningstydperk, misleidend is.
- .04 Hierdie Standaard bepaal nie 'n absolute tempo vir die waarskynlike ontstaan van hiperinflasie nie. Dit is 'n kwessie van oordeel wanneer hersamestelling van finansiële state ooreenkomstig hierdie Standaard nodig word. Hiperinflasie word aangedui deur die kenmerke van die ekonomiese omgewing van 'n land, waarby die volgende insluit maar nie daartoe beperk is nie:
- (a) die algemene bevolking verkies om hul welvaart in niemonetêre bates of in 'n betreklik stabiele buitelandse geldeenheid te hou. Bedrae van die plaaslike geldeenheid wat gehou word, word onmiddellik belê om koopkrag te handhaaf;
 - (b) die algemene bevolking beskou geldbedrae nie in die lig van die plaaslike geldeenheid nie, maar in die lig van 'n betreklik stabiele buitelandse geldeenheid. Pryse kan in daardie geldeenheid aangegee word;
 - (c) verkope en aankope op krediet vind plaas teen pryse wat vergoed vir die verwagte verlies aan koopkrag gedurende die krediettermyn, selfs as die termyn kort is;

- (d) rentekoerse, lone en pryse is gekoppel aan 'n prysindeks; en
 - (e) die kumulatiewe inflasiekoers oor drie jaar nader of oorskry 100%.
- .05 Verkieslik moet alle entiteite wat in die geldeenheid van dieselfde hiperinflasionêre ekonomie verslag doen, hierdie Standaard van dieselfde datum af toepas. Desnieteenstaande is hierdie Standaard van toepassing op die finansiële state van enige entiteit en wel vanaf die begin van die verslagdoeningstydperk waarin hy die bestaan van hiperinflasie in die land waarvan die geldeenheid vir verslagdoeleindes gebruik word, identifiseer.

Woordomsrywings

- .06 *Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenisse:*

Drabedrag van 'n bate is die bedrag waarteen 'n bate in die staat van finansiële stand erken word ná aftrekking van enige opgehoopte waardevermindering en opgehoopte waardedalingsverliese daarop.

Drabedrag van 'n las is die bedrag waarteen 'n las in die staat van finansiële stand erken word.

Funksionele geldeenheid is die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedrywig is.

Niemonetêre items is items wat nie monetêre items is nie.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

Die hersamestelling van finansiële state

- .07 Pryse verander met verloop van tyd as gevolg van verskillende spesifieke of algemene politieke, ekonomiese en maatskaplike kragte. Spesifieke kragte soos veranderinge in vraag en aanbod en tegnologiese veranderinge kan meebring dat individuele pryse aansienlik en onafhanklik van mekaar styg of daal. Daarbenewens kan algemene kragte veranderinge in die algemene vlak van pryse en derhalwe in die algemene koopkrag van geld tot gevolg hê.
- .08 In 'n hiperinflasionêre ekonomie is finansiële state slegs nuttig indien hulle uitgedruk word ooreenkomstig die meeteenheid wat op die verslagdoeningsdatum geldig is. As gevolg daarvan is hierdie Standaard van toepassing op die finansiële state van entiteite wat in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie verslag doen. Aanbieding van die inligting wat deur

hierdie Standaard vereis word as 'n aanhangsel by onhersaamgestelde finansiële state word nie toegelaat nie. Voorts word die afsonderlike aanbieding van die finansiële state voor hersamestelling ontmoedig.

- .09 Entiteite wat begrotingsinligting in hul finansiële state insluit om vergelykings met die begroting ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State* te fasiliteer, moet ook hierdie inligting ooreenkomstig hierdie Standaard hersaamstel.
- .10 ***Die finansiële state van 'n entiteit waarvan die funksionele geldeenheid die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie is, moet aangetoon word ooreenkomstig die meeteenheid wat op die verslagdoeningsdatum geldig is. Die ooreenstemmende syfers vir die vorige tydperk wat deur die Standaard van AERP oor Aanbieding van Finansiële State vereis word en enige inligting ten opsigte van vorige tydperke moet ook aangetoon word ooreenkomstig die meeteenheid wat op die verslagdoeningsdatum geldig is. Vir die doel van die aanbieding van vergelykende bedrae in 'n ander aanbiedingsgeldeenheid is paragraaf .43(b) en .44 van die Standaard van AERP oor die Gevolge van Veranderinge in Wisselkoerse van toepassing.***
- .11 ***Die wins of verlies op die netto monetêre stand moet afsonderlik bekendgemaak word in die staat van finansiële prestasie.***
- .12 Die hersamestelling van finansiële state ooreenkomstig hierdie Standaard vereis die toepassing van bepaalde prosedures asook oordeel. Die konsekwente toepassing van hierdie prosedures en oordeel van tyd tot tyd is belangriker as die presiese akkuraatheid van die gevolglike bedrae wat in die hersaamgestelde finansiële state ingesluit word.

Staat van finansiële stand

- .13 Bedrae in die staat van finansiële stand wat nie reeds ooreenkomstig die meeteenheid wat op die verslagdoeningsdatum geldig is, uitgedruk is nie, word deur die toepassing van 'n algemene prysindeks hersaamgestel.
- .14 Monetêre items word nie hersaamgestel nie, omdat hulle reeds uitgedruk word ooreenkomstig die monetêre eenheid wat op die verslagdoeningsdatum geldig is. Monetêre items is geld wat gehou word en bates en laste wat ontvang moet word of betaal moet word in vaste of bepaalbare geldbedrae.
- .15 Bates en laste wat deur ooreenkoms aan veranderinge in pryse gekoppel is, soos indeksgekoppelde effekte en lenings, word ooreenkomstig die ooreenkoms aangesuiwer ten einde die bedrag wat op die verslagdoeningsdatum uitstaande is, te bepaal. Hierdie items word in die hersaamgestelde staat van finansiële stand teen hierdie aangesuiwerde bedrag

gedra.

- .16 Alle ander bates en laste is niemonetêr van aard. Sommige niemonetêre items word gedra teen bedrae wat op die verslagdoeningsdatum geldig is, soos netto realiseerbare waarde, huidige vervangingskoste en billike waarde, sodat hulle nie hersaamgestel word nie. Alle ander niemonetêre bates en laste word hersaamgestel.
- .17 Die meeste niemonetêre items word teen kosprys of kosprys min waardevermindering gedra; gevolglik word hulle uitgedruk teen bedrae wat op hul verkrygingsdatum geldig is. Die hersaamgestelde koste, of kosprys min waardevermindering, van elke item word vasgestel deur die toepassing van die verandering in 'n algemene prysindeks op sy historiese koste en opgehoopte waardevermindering vanaf die verkrygingsdatum tot die verslagdoeningsdatum. Eiendom, aanleg en toerusting, voorrade grondstowwe en handelsware, patente, handelsmerke en vergelykbare bates word byvoorbeeld van hul aankoopdatums af hersaamgestel. Voorraad van deels voltooide en klaarprodukte word hersaamgestel vanaf die datums waarop die aankoopkoste en koste van omsetting aangegaan is.
- .18 Gedetailleerde rekords van die verkrygingsdatums van eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems mag dalk nie beskikbaar of raambaar wees nie. In sulke omstandighede kan dit in die eerste tydperk van toepassing van hierdie Standaard nodig wees om 'n onafhanklike professionele evaluering van die waarde van die items as basis vir hul hersamestelling te gebruik.
- .19 'n Algemene prysindeks mag dalk nie beskikbaar wees vir die tydperke waarvoor die hersamestelling van eiendom, aanleg en toerusting deur hierdie Standaard vereis word nie. In sulke omstandighede mag dit nodig wees om gebruik te maak van 'n raming wat byvoorbeeld gebaseer is op die bewegings in die wisselkoers tussen die funksionele geldeenheid en 'n betreklik stabiele buitelandse geldeenheid.
- .20 Sommige niemonetêre items word gedra teen bedrae wat geld op ander datums as dié van verkryging of dié van die staat van finansiële stand, byvoorbeeld eiendom, aanleg en toerusting wat op 'n vroeëre datum herwaardeer is. In sodanige gevalle word die drabedrae vanaf die datum van die herwaardasie hersaamgestel.
- .21 Om te bepaal of die hersaamgestelde bedrag van 'n niemonetêre item in waarde gedaal het en verminder behoort te word, pas 'n entiteit die Standaarde van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* of *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik, toe. Gevolglik word die hersaamgestelde bedrae van eiendom, aanleg en toerusting, patente en handelsmerke in sulke gevalle tot die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag verminder, en hersaamgestelde bedrae van voorraad word tot die

netto realiseerbare waarde of huidige vervangingskoste verminder.

- .22 'n Beleggingnemer wat rekeningkundig ooreenkomstig die ekwiteitsmetode verantwoord word, kan in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie verslag doen. Die staat van finansiële stand en staat van finansiële prestasie van sodanige beleggingnemer word ooreenkomstig hierdie Standaard hersaamgestel ten einde die belegger se deel van die beleggingnemer se netto bates en surplus of tekort te bereken. Indien die hersaamgestelde finansiële state van die beleggingnemer in 'n buitelandse geldeenheid uitgedruk word, word hulle teen sluitingskoerse omgerek.
- .23 Die uitwerking van inflasie word gewoonlik in leenkoste erken. Dit is nie toepaslik om 'n hersamestelling te doen van die kapitaaluitgawes wat deur lening gefinansier word nie, en ook nie om daardie deel van die leenkoste wat gedurende dieselfde tydperk vir die inflasie vergoed, te kapitaliseer nie. Hierdie deel van die leenkoste word erken as 'n uitgawe in die tydperk waarin die koste aangegaan is.
- .24 'n Entiteit kan bates verkry ooreenkomstig 'n reëling wat hom toelaat om betaling uit te stel sonder om 'n uitdruklike rentekoste aan te gaan. Indien dit nie prakties uitvoerbaar is om die rentebedrag toe te reken nie, word sodanige bates vanaf die betalingsdatum en nie die aankoopdatum nie hersaamgestel.
- .25 Aan die begin van die eerste tydperk van die toepassing van hierdie Standaard word die komponente van netto bates, uitgesonder opgehoopte surplusse of tekorte en enige herwaardasiereserwe, hersaamgestel deur 'n algemene prysindeks toe te pas vanaf die datums waarop die komponente bygedra is of andersins ontstaan het. Enige herwaardasiereserwe wat in vorige tydperke ontstaan het, word afgeskryf. Hersaamgestelde opgehoopte surplusse of tekorte word uit al die ander bedrae in die hersaamgestelde staat van finansiële stand verkry.
- .26 Aan die einde van die eerste tydperk en in daaropvolgende tydperke word alle komponente van netto bates hersaamgestel deur van die begin van die tydperk af of van die datum van bydrae af, indien later, 'n algemene prysindeks toe te pas. Die bewegings vir die tydperk in netto bates word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* openbaar gemaak.

Staat van finansiële prestasie

- .27 Hierdie Standaard vereis dat alle items in die staat van finansiële prestasie uitgedruk word ooreenkomstig die meeteenheid wat op die verslagdoeningsdatum van toepassing is. Derhalwe moet alle bedrae hersaamgestel word deur die verandering in die algemene prysindeks toe te pas vanaf die datums wanneer die inkomste- en uitgawe-items aanvanklik te

boek gestel is.

Wins of verlies op netto monetêre stand

- .28 In 'n tydperk van inflasie verloor 'n entiteit wat 'n oorskot van monetêre bates oor monetêre laste hou koopkrag, terwyl 'n entiteit met 'n oorskot van monetêre laste oor monetêre bates koopkrag wen in die mate waarin die bates en laste nie aan 'n prysvlak gekoppel is nie. Hierdie wins of verlies op die netto monetêre stand kan afgelei word as die verskil wat voortspruit uit die hersamestelling van niemonetêre bates, netto bates en items in die staat van finansiële prestasie en die aansuiwering van indeksgekoppelde bates en laste. Die wins of verlies kan geraam word deur die verandering in 'n algemene prys toe te pas.
- .29 Die wins of verlies op die netto monetêre stand is in surplus of tekort ingesluit. Die aansuiwering aan daardie bates en laste wat volgens ooreenkoms gekoppel word aan veranderinge in pryse wat ooreenkomstig paragraaf .15 vasgestel word, word afgetrek van die wins of verlies op die netto monetêre stand. Ander items in die staat van finansiële prestasie, soos rente-inkomste en uitgawes, en verskille in buitelandse valuta wat verband hou met fondse wat belê of geleen is, word ook met die netto monetêre stand geassosieer. Hoewel sulke items afsonderlik openbaar gemaak word, kan dit nuttig wees indien hulle saam met die wins of verlies op netto monetêre stand in die staat van finansiële prestasie aangebied word.

Kontantvloeistaat

- .30 Hierdie Standaard vereis dat alle items in die kontantvloeistaat uitgedruk word ooreenkomstig die meeteenheid wat op die verslagdoeningsdatum van toepassing is.

Ooreenstemmende syfers

- .31 Ooreenstemmende syfers vir die vorige verslagdoeningstydperk word heraanstel deur die toepassing van 'n algemene prysindeks sodat die vergelykende finansiële state aangebied word ooreenkomstig die meeteenheid wat aan die einde van die verslagdoeningstydperk van toepassing is. Inligting wat ten opsigte van vorige tydperke openbaar gemaak word, word ook ooreenkomstig die meeteenheid aan die einde van die verslagdoeningstydperk uitgedruk. Vir die doel van aanbieding van vergelykende bedrae in 'n ander aanbiedingsgeldeenheid is paragraaf .43(b) en .44 van die Standaard van AERP oor *Die Gevolge van Veranderinge in Buitelandse Wisselkoerse* van toepassing.
- .32 In die verslagdoeningstydperk waarin 'n entiteit die bestaan van hiperinflasie in die ekonomie van sy funksionele geldeenheid identifiseer, wat nie in die vorige

tydperk hiperinflasionêr was nie, moet die entiteit die vereistes van hierdie Standaard toepas asof die ekonomie nog altyd hiperinflasionêr was.

Gekonsolideerde finansiële state

- .33 'n Beherende entiteit wat in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie verslag doen, kan beheerde entiteite hê wat ook in die geldeenhede van hiperinflasionêre ekonomieë verslag doen. Die finansiële state van enige sodanige beheerde entiteit moet hersaamgestel word deur die toepassing van 'n algemene prysindeks van die land waarvan die geldeenheid vir verslagdoening gebruik word voordat hulle ingesluit word in die gekonsolideerde finansiële state wat deur sy beherende entiteit uitgereik word. Waar sodanige beheerde entiteit 'n beheerde buitelandse entiteit is, word sy hersaamgestelde finansiële state teen sluitingskoerse omgerek. Die finansiële state van beheerde entiteite wat nie in die geldeenhede van hiperinflasionêre ekonomieë verslag doen nie, word hanteer ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Die Gevolge van Veranderinge in Wisselkoerse*.
- .34 As finansiële state met verskillende verslagdoeningsdatums gekonsolideer word, moet alle items, hetsy niemonetêr of monetêr, hersaamgestel word in die meeteenheid wat van toepassing is op die datum van die gekonsolideerde finansiële state.

Keuring en die gebruik van die algemene prysindeks

- .35 Die hersamestelling van finansiële state ooreenkomstig hierdie Standaard vereis die gebruik van 'n algemene prysindeks wat die veranderinge in algemene koopkrag weerspieël. Dit is verkieslik dat alle entiteite wat in die geldeenheid van dieselfde ekonomie verslag doen, dieselfde indeks gebruik.

Ekonomieë wat ophou om hiperinflasionêr te wees

- .36 ***Wanneer 'n ekonomie ophou om hiperinflasionêr te wees en 'n entiteit die opstel en aanbieding van finansiële state wat ooreenkomstig hierdie Standaard opgestel is, beëindig, moet hy die bedrae uitgedruk in die meeteenheid wat aan die einde van die vorige verslagdoeningstydperk geldig was, behandel as die grondslag vir die drabedrae in sy daaropvolgende finansiële state.***

Openbaarmakings

- .37 ***Die volgende moet openbaar gemaak word:***
(a) die feit dat die finansiële state en die ooreenstemmende syfers vir

vorige tydperke hersaamgestel is vir die veranderinge in die algemene koopkrag van die funksionele geldeenheid en, as gevolg daarvan, getoon word ooreenkomstig die meeteenheid wat geldig is op die verslagdoeningsdatum; en

(b) die identiteit en die vlak van die prysindeks op die verslagdoeningsdatum en die beweging in die indeks gedurende die huidige en die vorige verslagdoeningstydperke.

- .38 Die openbaarmakings wat deur hierdie Standaard vereis word, is nodig om die grondslag van die hantering van die gevolge van hiperinflasie in die finansiële state duidelik te maak. Hulle is ook bedoel om ander inligting te voorsien wat nodig is om daardie grondslag en die gevolglike bedrae te verstaan.

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .39 *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .40 *'n Nuwe paragraaf .01 is bygevoeg en paragraaf .06 is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in April 2014 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of na 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë (2007)

- .41 Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor *Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë* wat in 2007 uitgegee is.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Financial Reporting in Hyperinflationary Economies* (Julie 2001)

Die Standaard van AERP oor *Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë* (AERP 10) is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard oor *Financial Reporting in Hyperinflationary Economies* (IPSAS 10). Die belangrikste verskille tussen AERP 10 en IPSAS 10 is soos volg:

- Hierdie Standaard het veranderinge opgeneem wat deur die IASB aan IAS 29 aangebring is ooreenkomstig sy verbeterings aan IFRS'e in 2008.
- Bepaalde veranderinge is aangebring aan die paragrafe wat betrekking het op die omrekening van 'n netto monetêre stand. IPSAS 10 verwys na 'surplus en tekort', terwyl hierdie Standaard verwys na 'winste en verliese'.
- Verwysing na 'primêre' finansiële state is deurgaans geskrap.
- Hierdie Standaard se terminologie verskil in sekere opsigte van dié van IPSAS 10. Die belangrikste voorbeelde hiervan is die gebruik van die terme 'netto bates', 'finansiële prestasie' en 'funksionele/aanbiedingsgeldeenheid'. Die ekwivalente terme in IPSAS 10 is onderskeidelik 'netto bates/ekwiteit', 'resultate' en 'verslagdoeningsgeldeenheid'.
- Die bylae met 'n voorbeeld oor hersamestelling van finansiële state is uit hierdie Standaard geskrap.